# Les 10 AFGODSDIENS: PRENTJIES VAN GOD EN BEGEERTES

Hier het ons twee potte: ŉ teepot en ŉ ysterpot. Hulle lyk amper soos elektriese ketels, maar hulle werk heeltemal anders as elektriese ketels.

## 1. Afgodsdiens is teepot-godsdiens

Kyk na die teepot. Hy het ŉ tuit en ŉ handvatsel en kan ook warm water hou en skink. Daarom kan ŉ mens dink dis maar amper dieselfde as ŉ ketel. Maar dit is nie!

ŉ Teepot werk nie met ŉ element nie, daar is niks binne-in ŉ teepot nie. ŉ Teepot het ook nie ŉ kontakpunt waarin elektrisiteit in die teepot kan ingaan nie. Al hoe ŉ teepot kan werk, is as mens die water wat al klaar deur ŉ ketel warmgemaak is, binne-in die teepot gooi.

ŉ Teepot is nie daar om self te werk nie. ŉ Teepot is daar om net mooi te lyk.

## 2. Die Bybel noem hierdie tipe godsdiens – afgodsdiens

Kom ons lees Jeremia 10: 8 en 9:

*"8 Hulle is almal gekke en dwase, want 'n stuk hout kan vir 'n mens niks leer nie. 9 Die silwerbeslag kom uit Tarsis, die goud uit Ufas. Dit is die werk van 'n ambagsman en 'n goudsmid, die afgode is geklee in pers en rooi wolstof, alles die werk van kunstenaars."*

Mense vat ŉ stuk hout en maak vir hulle ŉ beeldjie van ŉ soldaat, ŉ sportman, ŉ kaal man of ŉ kaal vrou. Hulle versier die beeldjie dan met ŉ mooi prentjie en met goud en duur materiaal. Dan noem hulle hierdie beeldjie – ŉ uitbeelding van God.

Wat is soldate, sportmanne, kaal mans en kaal vroue: God of mense? Kyk nou! Eintlik is dit dan maar net uitbeeldings van hul sélf wat hulle uitbeeldings van God noem.

Afgodsdiens is wanneer mense ŉ prentjie van God vir ander mense wil wees. Hier maak iemand ŉ beeldjie van homself uit hout en noem die uitbeelding van homself – God se uitbeelding.

| |
|---|
| Dit is bygeloof: om te glo jy sien God raak in ander mense se lewens of dinge wat ander mense doen. |

Hoekom doen hulle dit?

- Hulle wil graag hê dat as jy na hulle kyk – dan moet jy dink jy sien vir God raak.

- Hulle wil graag hê dat as jy hulle leer ken, dan moet jy dink jy leer vir God ken.
- Hulle wil graag hê dat as jy naby hulle is, dit vir jou moet voel asof God naby jou is.
- Hulle wil graag hê dat as jy doen wat hulle wil hê, jy moet dink jy het dit vir God gedoen.

**3. Teepot-godsdiens is prentjie-godsdiens**

Dis hoe teepot-godsdiens werk. Hulle wil graag 'n prentjie van Jesus wees. Hulle glo hulle dra 'n prentjie van Jesus in hul self en as jy na hulle kyk, dan glo hulle jy sien vir Jesus raak.

Dis hoe die bygeloof van afgodsdiens werk: jy sien mense se lewens en dade, en glo jy sien daarin 'n uitbeelding van God, dit is 'n prentjie van God.

Hulle wil hê jy moet die Here raaksien in hulle! Hulle wil graag in alles wat hulle doen, 'n uitbeelding van God wees. Hulle wil graag dat jy God en Jesus in hulle lewe sal raaksien – nes 'n teepot graag wil hê jy moet die mooi verf en prentjies op die teepot raaksien.

**4. Afgodsdiens is ysterpot-diens**

Ysterpotte werk net soos elektriese ketels. Hulle kook ook water!

Nou wat is die grootse verskil tussen 'n elektriese ketel en 'n ysterpot as al twee dieselfde werk kan doen?

Die grootste verskil is dat ysterpotte nie met elektrisiteit werk nie, maar met vuur.

Jy moet die hele tyd vuurmaak en aanhou om die vuur te stook. As jy ophou vuur stook, dan werk die ysterpot glad nie meer nie.

**5. Die Bybel noem hierdie tipe werk – ook afgodsdiens**

Die profeet Miga wys vir ons hoe werk dit:

*"[9] Luister hierna, leiers van Jakob, regeerders van Israel, julle wat die regspraak minag en **alles verdraai**, [10] julle wat vir Sion met moord gebou het en Jerusalem met onreg: [11] Jou leiers lewer uitspraak vir omkoopgeld, jou priesters gee onderrig teen salaris, jou profete maak voorspellings teen betaling, en tog verwag hulle hulp van die Here! Hulle sê: "**Die Here is by ons, onheil sal ons nie tref nie**."* Miga 3

*"[2] Daar is nie meer 'n gelowige in die land nie, onder die mense kry jy nie 'n opregte nie, almal stel strikke om moord te pleeg, hulle maak met vangnette jag op hulle broers. [3] Al*

*wat die regeerder vra, is dat hulle goed moet sondig; die regter vra omkoopgeld, die vername praat* ***net oor wat hy begeer****.* ***Hulle verdraai alles****.”* Miga 7

Hier werk afgodsdiens ŉ bietjie anders as met bygeloof! Met bygeloof wil mense nie ŉ prentjie van God maak nie. Hulle sien prentjies van wat hulle graag begeer en wil hê!

Hoekom noem die Bybel hierdie lewenshouding: “Ek doen alles wat ek begeer!” ‘afgodsdiens’?

Wanneer hulle alles doen wat hulle begeer, en dan, nadat hulle begeertes bevredig is en hulle gekry het wat hulle wil hê – wil sê dis wat God wou gehad het. Wanneer hierdie mense klaar gedoen het wat hulle begeer het – dan sê hulle God sê wat hulle gedoen het, is goed! Die Here het gesorg dat hulle gedoen het wat hulle gedoen het!

Dis hoe hulle God verdraai – hulle begeer en doen verkeerd, en sê dan God is tevrede met hulle en dis God wat hulle gehelp het om dit te doen!

Hierdie deel van afgodsdiens verdraai nie God se beeld nie, dit verdraai dit wat God sê reg is en verkeerd is, sodat mense kan doen wat hulle begeer.

**6. Ysterpot-werk is nie diens nie, dis begeertes wat bevredig word**

ŉ Mens kan maklik dink iemand wat hard werk, is met godsdiens besig! ŉ Mens kan maklik dink iemand wat goed werk, is met godsdiens besig.

Dis net soos met ŉ elektriese ketel en met ŉ ysterpot!

Waarvoor is die elektriese ketel daar? Om sy element te gebruik vir die doel waarvoor hy gemaak is. Christene gebruik hulle talente tot eer van God. Dit is godsdiens!

Maar baie mense kan presies dieselfde werk as Christene doen – sonder dat hulle met godsdiens besig is. Hulle boer nes ander boere! Hulle gee klas net soos ander onderwysers! Hulle vang skelms nes ander polisiemanne! Hulle bou damme en voorsien water nes ander vakmanne! Presies dieselfde werk as Christene – maar dit is nie godsdiens nie!

Hoe so?

Christene is altyd besig om die talente wat die Here binne-in hulle gegee het, te gebruik tot eer van God en tot diens van hulle naaste. Kyk ŉ bietjie binne-in die ysterpot! Sien julle enige element? Daar is geen element in die ysterpot nie!

| |
|---|
| Dis nie sy element wat hom laat werk nie – dis die vuur! Dis die begeertes! |

Hierdie vuur klink só:

- "As jy dít doen sal jy ryk word"
- "As jy dít doen sal jy gesond wees"
- "As jy dít doen sal jy belangrik word"
- "As jy dít doen sal jy magtig word en almal vir jou moet luister"
- "As jy dít doen sal jy gewild en aantreklik wees"
- "As jy dít doen sal jy gelukkig wees"

Dis al die begeertes van die mens se hart.

Solank as wat hierdie begeertes daar is, en solank hierdie begeertes waar word vir hierdie mense – só lank werk hulle nét so hard, en baiekeer harder en beter, as Christene.

Afgodsdiens maak van hierdie begeertes godsdiens – dan klink dit só:

- "As jy dít doen sal God jou ryk laat word"
- "As jy dít doen sal God jou gesond laat wees"
- "As jy dít doen sal God belangrik laat word"
- "As jy dít doen sal God jou magtig maak en maak dat almal vir jou moet luister"
- "As jy dít doen sal God jou gewild en aantreklik maak"
- "As jy dít doen sal God jou laat gelukkig wees"

As godsdiens so klink, is dit ysterpotte wat werk: sonder enige talent en sonder dat hulle dit vir God en hulle naaste doen – werk hulle nes Christene. Die vuurtjie van begeerte moet net die hele tyd gestook word. As hierdie vuurtjie nie gestook word nie – as daar nie geld, mag, seks en gesondheid is nie – dan word daar glad nie meer gewerk nie. Al het God en hulle medemens hulle diens nodig.

## 7. Teepot-godsdiens en ysterpot-werk – is goddeloosheid

Die Bybel noem hierdie manier waarop mense van Jesus 'n prentjie maak wat ander mense in hulle lewe moet raaksien, of die manier waarop mense volgens hulle begeertes leef en dit dan godsdiens noem: goddeloosheid.

Jesaja 19: *"17 Die **goddeloosheid** brand soos 'n vuur. Dit verteer dorings en dissels en steek die digte takke van die bos aan die brand, sodat hulle in 'n rookkolom verdwyn. 18 Onder die straf van die Here die Almagtige brand die land weg, die volk het vuurmaakhout geword; **die een mens bekommer hom nie oor die ander nie.** 19 Elkeen verslind links en regs maar kry nie genoeg nie. So verteer hy sy eie krag."*

Romeine 1: *"18 God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al **die goddeloosheid** en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer*

*onderdruk.… [22] Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23] In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God* ***stel hulle beelde*** *wat lyk soos ’n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. [24] Daarom gee God hulle aan die* ***drange van hulle hart*** *oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer.”*

### 7.1 Bedrywig met godsdiens, maar goddeloos!

Hoe kan dit wees? Kyk na die teepot!

Hierdie mense wil graag ’n prentjie van God met hulle lewe wys, sodat mense God in hulle lewe raaksien! Dit is mense wat baie vroom in groepies sal bymekaarkom en Bybellees, ure lank sal bid, met plakkate in die strate vir God sal marsjeer, altyd sal sorg dat hulle soos die beste Christene lyk en jou vertel hoe hulle van sondes bekeer is, hoe hulle nou minder sondes doen, en jou laat voel jy is nie regtig ’n Christen nie.

Hoekom noem die Bybel hierdie mense ‘goddeloos’ as hulle met so baie godsdienstige dinge besig is?

- Met al hierdie vroomheid gebruik hulle nie hulle talente tot eer van God nie – jy kan nie op hulle staatmaak dat hulle hulle talente tot eer van God gaan gebruik nie.
- Hulle het ook nie ’n kontakpunt nie: hulle glo nie dat hulle nét deur die Evangelie gered word nie.
- Hulle het ook nie God en hulle naaste volgens die Tien Gebooie lief nie.
- God se liefde vir sondaars vloei nie deur die Evangelie in hulle in nie.
- Uit hulle harte stroom daar ook nie liefde volgens die Tien Gebooie nie.

Met al hulle godsdienstigheid – probeer hulle net ’n prentjie van God en van Jesus vir ander mense wees: nes ’n teepot sonder die koord en elektrisiteit.

| Hulle is goddeloos omdat hulle nie aan die koord – die Woord – gekoppel is nie. |
|---|

### 7.2 Harde en goeie werkers, maar goddeloos

Anders as teepotte, is hierdie mense harde en goeie werkers. Hoe kan mense wat baie hard en goed werk – goddeloos wees? Nes ysterpotte!

- Nes teepotte gebruik hulle nie hulle talente om die Hete te dien nie. Binne is hulle leeg.
- Nes teepotte het hulle geen kontakpunt met die Wet en die Evangelie nie.
- Hulle glo nie dat hulle nét deur die Evangelie gered word nie.
- Hulle het nie hulle naaste en God volgens die Wet lief nie.

Hulle kan nie deur die Woord van God aan God gebind word nie – en dit is goddeloosheid. Sonder God werk hulle baie hard en goed as hulle begeertes vir geld, kos, klere, kinders, mag en aansien bevredig word. Net soos ŉ ysterpot net werk as jy vuurmaak onder hom.

Christene werk nie deur vuur nie. Hulle werk nie deur begeertes wat hulle dryf nie. Hulle gebruik hulle talente omdat God se liefde in hulle harte invloei en maak dat liefde uit hulle harte uitstroom.

| |
|---|
| Daarom is Christene elektriese ketels – nie teepotte of ysterpotte nie. Ons is nie goddeloos nie: ons is deur ons geloof en liefde gebind aan die Wet en die Evangelie. Ons pas reg in by die Woord van God. |

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________
Handtekening: ouer of voog